



God wil ons Graag Gelukkig maak

Het jy al vandag die HERE gedank vir al die goeie dinge wat HY vir jou gegee het?

Hy het vir jou *baie* goeie dinge gegee. Hy gee elke dag vir ons baie seëninge.

Hy het vir jou mense gegee wat vir jou lief is en vir jou omgee. Hy het vir ons 'n huis gegee. Hy gee vir ons kos – gesonde kos, en alles wat ons nodig het. Hy gee vir ons klere, warm klere, dalk ook nog pragtige, mooi klere.

God gee partykeer sonskyn. 'n Ander keer stuur Hy weer reën. Maar die sonskyn en die reën is altwee goeie dinge. Die wind is ook 'n goeie gawe van God. Hoe heerlik kan die wind die besoedelde omgewing rondom ons weer vars en skoon waai!

God het ook die voëls gemaak om vir ons te sing. Hy het die blomme in die tuin gemaak, en die bome, blomme en plante in die veld. Hy het die aarde so mooi gemaak, sodat ons daarvan kan geniet en sodat dit vir ons gelukkig maak.

God sorg elke oggend dat die son opkom. Partykeer as die son ondergaan, skilder Hy die lug met die mooiste kleure. Hoe *vol* is die aarde van God se goeie gawes!

Toe God vir Adam en Eva gemaak het, het Hy vir hulle in 'n pragtige tuin laat woon. Daar was soveel wonderlike mooi dinge in die tuin om hulle bly en gelukkig te maak. Maar Adam en Eva het gesondig. Jy onthou mos? Hulle was ongehoorsaam. God *kon* vir hulle gesê het:

'Julle *verdien* nie om al hierdie mooi dinge te hê nie. Ek gaan *al* die mooi dinge van julle af wegvat.'

Maar God het dit *nie* gesê nie.

O ja, Hy het hulle wel uit die tuin gestuur. En Hy het vir hulle gesê dat hulle baie hard sal moet werk. Daar gaan baie onkruid en dorings wees wat vir hulle sal pla. Hy het gesê hulle gaan baie hartseer en pyn hê. Maar tog het Hy nog steeds *baie* goeie dinge vir hulle gelos, sodat hulle nog *steeds* tenminste so 'n *bietjie* gelukkig sou wees. O, God was so goed vir hulle. En God is ook baie goed vir *ons*. Hy gee vir ons *baie* dinge sodat ons ook gelukkig kan wees.

Hoekom gee God dan vir ons so baie goeie dinge?

Omdat God so *lief* is vir ons. Al doen ons elke dag soveel sonde teenoor Hom, nogtans het Hy ons baie lief. Ons *weet* Hy het ons lief, omdat Hy so *baie* goeie dinge vir ons gee om ons gelukkig te maak en die lewe mooi te maak.

As ons dink aan al die dinge wat Hy vir ons gee, wil ons *Hom* ook baie, baie liefhê. Ons wil Hom dank en Hom loof.

Hy wil *graag* hê dat ons Hom moet dank en sy Naam moet prys. Hy wil *graag* hê dat ons Hom sal liefhê. Hy is gelukkig en baie bly as ons Hom liefhet.

Gesels hieroor:

1. Hoekom behoort ons gelukkig te wees?
2. Wat is party van die goeie dinge wat God vir ons vandag gee?
3. Hoe kan ons Hom vir sy goedheid prys?

Die Bybel sê:

Ek wil die HERE loof met my hele hart; ek wil al u wonders vertel.

(Psalm 9:2)

Wat ons kan lees:

Psalm 100

'n Lied om te sing:

Loof, loof die HEER van alle here!
Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
En bring sover daar volke is,
Sy daede in gedagtenis;
En spreek met aandag en ontsag
Van al sy wonders, dag aan dag.

(Psalm 105:1)

Kom ons dank God vir al sy goedheid:

Ons dank U, Vader in die hemel, vir U Seun, die Here Jesus, wat vir ons gesterf het. En ons dank U vir al die goeie dinge wat U elke dag vir ons gee, selfs al is ons sondig en ongehoorsaam. Ons sal probeer om U wil te doen, om te wys dat ons baie dankbaar is. Amen

Deel 6: Bybelverse om te onthou

Kan jy vertel wat hierdie Bybelverse beteken?

1. *Die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here. (Romeine 6:23)*
2. *Die HERE is my Herder; niks sal my ontbreek nie. (Psalm 23:1)*
3. *En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk. (Romeine 8:28)*
4. *...want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë. (Psalm 91:11)*
5. *Ek wil die HERE loof met my hele hart; ek wil al u wonders vertel. (Psalm 9:2)*

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*